PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld *6 Desember2020*

Tweede Sondag in Advent

Skrifgedeelte: Johannes 3:22-36

Program vir die week

Vandag: Tweede Adventsondag

- **Erediens** om 9:30 in die kerk olv ds Pieter Poley
- **Deuroffer**: Ons Woning

Maandag

- **Gebedsaksie** om 16:00 by die gebedshuis.

Volgende Sondag: Derde Adventsondag

- **Erediens** om 9:30 in die kerk olv ds Jaco Thom
- **Doop:** Marlah Deysel
- **Deuroffer:** Predikante Begeleiding

Allerlei

Kerkraadslede verkies

Die volgende gemeentelede is verkies as kerkraadslede:
Ouderlinge:
Sakkie Hartzer, Tikkie Nieuwoudt, Dawie Meades
Diaken:
Kobus van der Westhuizen
Die **Kerkraadsleiers** wat verkies is:
Die leier-ouderling is Danie Jacobs en onderleier Dirk Terblanche.
Die leier-diaken is Marnus Nel en onderleier André Hugo.
Baie geluk aan julle almal. Ons bid julle die Here se seën toe.

Nuwe Afrikaanse 2020-vertaling

Die Afrikaanse 2020-vertaling van die Bybel word vandag amptelik bekendgestel. Ons het enkele kopieë van die nuwe 2020-vertaling aangekoop. Dit is by die kerkkantoor beskikbaar @ R130 (hardeband) en R330 (luukse band).

16 Desember 2020 – Geloftefees

9:00-11:00 Perdeberg, Boereverenigingsaal, Perdekommando
Spreker: dr Louis Bothma Erediens: ds Hennie Briel
Navrae: 076 128 6998

Biddende Hande

Ook Josef het gegaan. Hy het van die dorp Nasaret in Galilea na Judea toe gegaan, na Betlehem, die stad van Dawid, omdat hy tot die huis en geslag van Dawid behoort het. Maria, sy verloofde, wat swanger was, het saamgegaan om ingeskryf te word. Terwyl hulle daar was, het die tyd gekom dat haar kind gebore moes word. Sy het haar Eerstelingseun in die wêreld gebring en Hom in doeke toegedraai en in 'n krip neergelê, omdat daar vir hulle geen plek in die herberg was nie. Lukas 2:4-7

Dankie Here, dat U gekies het om uit 'n vrou, as mens, soos ons die wêreld binne te kom. Dankie dat U, soos ons, 'n kind was en alledaagse dinge gedoen het sodat niks meer alledaags kan wees nie. Ons ontvang U in die krip as ons Koning, die Een wat ons kom red en heelmaak het. Mag ons optrede teenoor kinders in die wêreld staan in die teken van u koninkryk waar die kleinste groot is en die laaste eerste, waar ons dien en liefhet. Dankie dat ons weet U wil 'n wêreld vol harmonie sonder geweld.
Vir ons, altyd vir ons, is 'n Kind gegee. Dankie (Kerkbode 2019)

Here Jesus, vanjaar wil ek U oral raaksien, en nie net in deftige huise met versierde Kersbome nie. Help my om te onthou hoe arm U was toe U op aarde gebore is. Amen (Nina Smit)

Sake vir Voorbidding

- Bid vir minderbevoorregtes in hierdie tyd.
- Bid vir die beëindiging van geweld teenoor vroue en kinders.
- Bid vir 'n vreedsame Kersgety wêreldwyd.

Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week wat voorlê. Baie geluk! Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees.

7 Des Ina Strauss
8 Des Tooitjie Kotzé; Pieter Poley; Hercule Strauss
10 Des Frans Du Toit
12 Des Marietjie Hugo

Huweliksherdenkings

9 Des Jan & Leana Hugo (42j)
10 Des JG & Maryke Van Loggerenberg (15j)
11 Des Hansie & Annetjie Coetzee (44j)

Leraar:	**Jaco Thom**	084 523 1157	jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
Kantoor:	**Madette Lombaard**	053 574 0279	ngkpetrusburg@gmail.com
Orrelis:	**Elmien Thom**	084 562 3434	elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
Koster:	**Annamarie Dercksen**	072 499 4262	annamarie.dercksen@yahoo.com
Webwerf	www.ngkerkpetrusburg.co.za		*facebook* NG Kerk Petrusburg
Kantoorure	Maandae: 11:00 – 13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00		
Bankrekening	ABSA Tjekrekening 2610580001		